# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen.* *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad.*

DEEL XVIII, No. 595.] 18 AUGUSTUS 1933. GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. [PRYS 4D.


## Die Afrikaanse Eisteddfod

IN 'n volk wat van Hollanders, Franse, Duitsers, Belge en Engelse afstam, mag 'n mens verwag om liefde aan te tref vir alles wat mooi en skoon is. Maar as daardie volk vir geslagte aaneen vanaf sy geboorte sy sielskrag moes aanwend om sy liggaam te behou, kan daar groot gevaar bestaan dat die gawe van skoonheidswaardering in die kiem versmoor raak; en deur in onbruik te bly, kan dit uiteindelik heeltemal uit die sielsvoorraad verdwyn.

Hier by ons, gesien die geweldige stryd om te bestaan wat die Afrikaner gevoer het en vandag nog te midde van die modernste beskawingsmiddels voer, sou dit amper voor die hand lê dat skoonheidsgevoel en kunssin die nederlaag sou ly in die stryd teen droogte, dors en die dood. So sou 'n mens dit kon verwag. Maar Suid-Afrika het gesorg vir die behoud van daardie skoonheidskieme, soos die natuur hier die saadjies van ons veldgewasse deur die onbeskryflike droogtes in sy skoot bewaar om na die minste aanmoediging van reën met hemelskone prag en rykdom van geur die aarde te verfraai. Ons skrywers en skilders is getuie daarvan. Hoe wil dit anders wees in so 'n land?

In die Afrikanersiel is die skoonheidsbesef — die kiem van alle kultuuruitings — veilig bewaar. Die geleenthede vir ontkiem moet maar net daargestel word. Die skoonheid van die opoffering van meer as een minder bevoorregte ouer eis van ons die diepste erkentenis vir wat ons in die ruimer lewe ondervind; en die erkentenis moet hom onder andere uit in die skepping van genoegsame geleenthede vir diegene wat na ons kom. Dis vir ons om die rol van Paulus en Apollus te speel en die saadjies te help ontkiem.

Die verskaffing van geleenthede en die ontwikkeling van bevoegdhede om die geleenthede te benuttig, is tot op sekere hoogte die werk van skool en onderwys, van skoolvoog en bestuur, maar tot 'n baie groot mate is dit die plig van die samelewing. Omdat albei nog ver van voldoende voorsiening maak, moet liggame soos die Afrikaanse Eisteddfod hier by ons en verwante liggame in ons eie en in die ander provinsies aanhou met hul onskatbare diens. Ons leer in die eerste plaas die moontlikhede van ons krag besef en ons eie kunsskeppers te eer en waardeer. Ons help om wordende kragte tot volheid van bestaan te ontwikkel. En bo alles win ons 'n kosbare kleinnood: om die ongesiene kragte te erken wat agter alle sigbare dade moet regeer; om eerbied te hê vir wat die volkskarakter verruim en verryk met die besef van sy eie krag.

Die Afrikaanse Eisteddfod, wat hoofsaaklik deur die Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie tot stand gebring is en die ander saamwerkende liggame met geesdrif besiel het waarsonder hy moeilik met die werksaamhede kon voortgaan, 'regverdig sy bestaan reeds daardeur alleen dat hy die skole aanmoedig om tyd en krag te bestee aan die sogenaamde bykomstige sake. Van hierdie soort kinders sal ons kan hoop om 'n geslag te kry wat nie die geestelike lewe en werksaamhede in terme van brood alleen sal wil meet nie. Hulle sal begryp dat die mens by brood alleen nie kan leef nie. En wanneer ons as volk dit begryp het, sal ons as volk ons volle plek kan inneem in die ry van kultuurskeppers en ons volle bydraag gee aan die onverganklike skatte van die wêreld.

* * *

Dit was 'n moedige daad van die Eisteddfod-bestuur om in hierdie gedrukte tye 'n volle program van werksaamhede aan te pak. Maar daar is gevoel dat so 'n onderneming alte lig begin kwyn as 'n mens eers met uitstel begin. Ons het soveel voorbeelde van ondernemings wat met geesdrif aangepak, by die eerste teenslag „voorlopig" gestaak word en dan nooit weer 'n dag van herrysenis te beleef nie. Gelukkig was die optimisme van die bestuur, in sover dit altans die inskrywings betref, geregverdig, want in hierdie opsig is daar weer 'n rekord geskep. Daar is by die aghonderd inskrywings, in sommige afdelings van oor die hele land. Dit is sowat 'n honderd meer as in 1931, toe die laaste volle program afgehandel is. Op sigself geneem, lyk die getal nie groot nie, maar 'n mens moet onthou dat dit in die meeste gevalle slegs uitgesoekte deelnemers is, want die meeste skole hou eers plaaslike toetse voordat leerlinge toegelaat word om deel te neem. Die invloed van die Eisteddfod strek dus oneindig verder as wat 'n mens uit hierdie syfers sou wil aflei. Veral in die afdeling elokusie is die deelneming besonder groot. Die afdeling letterkunde het ook baie deelnemers getrek, en die belangstelling van die kant van die skole is groter as ooit tevore. 'n Verblydende feit is dat daar baie skole buite die Skiereiland is wat vanjaar in heelwat afdelings meeding. In die afdeling komposisie is inskrywings uit elke provinsie en ook uit Suidwes ontvang. Ook die afdeling handearbeid het deelnemers uit 'n wyer kring getrek as ooit tevore.

'n Maand lank sal hier in Kaapstad die Afrikaanse lied weergalm en geskoolde stemme aan menigeen opnuut laat besef hoe beeldend en klankryk ons taal is. Die uiterlike vrug van hierdie kultuurdaad is miskien nie danig indrukwekkend nie, maar die stille invloed, die onberekenbare gevolge, is groter as wat menigeen miskien besef. Want elke mededinger, al het hy of sy ook nie 'n prys verower nie, het 'n geestesverryking ondergaan wat van blywende invloed sal wees.

Ten besluite wil ons die publiek aanspoor om die verrigtinge by te woon en op hierdie wyse ook sy deel by te dra tot die welslae van hierdie belangrike onderneming.

### *DIE SIENER*

MET oë wat die onpeilbare deurdring
Gaan hy skoorvoetend deur die lewe heen;
Sy boodskap moet hy aan die mensdom bring,
Of dit vervloekingsmare is of seën.
So moet hy, wolk-omkrans, van dinge sing
Maar half verstaan deur mense om hom heen
En deur die menigte wat juig omring
Oor alles wat deur hul verwerp word, ween.

Vir hom geen laaf'nis by die denneboom,
Waar duiwe rustig in die takke koer
En beurt'lings duikel in die koel bruin stroom.
Deur gloed van middaghitte moet hy gaan
Die hoogtes op, die dieptes in; geen effe baan
Is daar vir wie gegee is om te droom.

I. D. DU PLESSIS.

### AANTEKENINGE.

Die jaarlikse tentoonstelling van Suid-Afrikaanse skilder- en beeldhouwerk in die Nasionale Kunsmuseum, Kaapstad, sal, na ons verneem, vanjaar in Desember geopen word en nie in Februarie nie. Die openingsdatum is vervroeg om besoekers uit die binneland die geleentheid te gee om die tentoonstelling by te woon. Verlede jaar was byna al die bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars op die tentoonstelling verteenwoordig en die belangstelling van die kant van die publiek was besonder groot.

---

Daar het in die laaste tyd af en toe gevalle voorgekom van persone wat foto's deur iemand anders geneem as hul eie vir plasing in *Die Huisgenoot* instuur. Dit is 'n skending van die outeursreg van die eienaar van sodanige foto's en mag nie gebeur nie. Immers, 'n persoon wat 'n foto neem, behou in dieselfde mate alle regte in verband daarmee is iemand wat 'n gedig of verhaal instuur, en persone wat op dié regte inbreuk maak, kan vervolg word. Ons wil lesers dus vra om hierop te let, want hierdie manier van plagiaat pleeg — hoewel dit waarskynlik in alle gevalle onbewus geskied het — het ons reeds heelwat onnodige moeite op die hals gehaal.

---

Die Amerikaners voer nie alleen 'n stryd teen die depressie in die gewone bedrywe nie; ook wat die toneel betref, meen hulle om binnekort te kan aankondig: „Sake is weer normaal." Daar is naamlik 'n Amerikaanse Vereniging van Teaterbesoekers gevorm met 'n kapitaal van oor die miljoen pond om die toneel te finansier en weer op gesonde voet te plaas. Hulle wil veral verseker dat daar weer bekwame reisgeselskappe sal wees wat die kleiner stede toneelopvoerings van behoorlike gehalte kan laat sien. Die beweging is koöperatief en die leiding word geneem deur toneeldeskundiges sowel as sakemanne van naam.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012